# XHARIEP DISTRIK

# AFRIKAANS HUISTAAL

## GRAAD 12

## DISTRIKSVRAESTEL

## VRAESTEL 1

## JUNIE 2012

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKELS EN VISUELE TEKS**

Bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TYDSKRIFARTIKEL**

# KLANKE KAN GESOND MAAK

***Musiekterapie bied wonderlike loopbaanmoontlikheid***



[UIT: *Google Images*]

**Die terapeutiese waarde van musiek is alombekend en jy kan selfs ʼn loopbaan daarvan maak, sê *Lindi Herbst*.**

Musiekterapie is nie net iets wat jy doen as jy musiek kliphard stel om beter te voel nie – dis ook ʼn erkende beroep.

"Musiekterapie is die terapeutiese aanwending en gebruik van musiek by mense van alle ouderdomme wat aan ʼn verskeidenheid van toestande ly, hetsy sielkundig, fisiek of neurologies van aard," verduidelik Denise Snyman, ʼn geregistreerde musiekterapeut. "Tydens musiekterapie is dit nie nodig om woorde te gebruik nie wat dit dus ʼn minder indringende vorm van terapie as byvoorbeeld psigoterapie maak," sê Denise.

**VOOR- EN NADELE** Moenie bekommerd wees as jy nie juis ʼn musiekaanleg het nie – jy het geen vorige musiekondervinding nodig nie indien jy musiekterapie as ʼn loopbaan oorweeg. "Solank jy net bereid is om te leer en jy ʼn passie het om ander te wil help," sê Denise, "sal jy suksesvol in dié beroep wees. Verder sê sy: "Dis altyd wonderlik om te sien hoe my pasiënte vorder."

Denise wys daarop dat dit nie so maklik is om as ʼn musiekterapeut te kwalifiseer nie. Slegs ʼn beperkte getal studente word jaarliks tot die terapiekursus aan die departement van musiek by die Universiteit van Pretoria toegelaat. "Voornemende musiekterapeute moet weet dat hierdie werk uiters veeleisend kan wees." Sy kry dikwels met mense te doen wat aan angs- en emosionele versteurings ly of mense wat van drank of dwelms gerehabiliteer moet word. Soms behandel sy pasiënte wat terminaal siek is. Dit kan soms neerdrukkend wees," vertel Denise.

**INKOMSTE** Dit hang grootliks van die aard van jou werk af – of jy as ’n privaatterapeut wil praktiseer of eerder deel van ’n praktyk van terapeute wil wees. As jy pas klaar gestudeer en as terapeut geregistreer is, kan jy aanvanklik ’n salaris tussen R15 000 en R20 000 verdien.

**OPLEIDING** Die Universiteit van Pretoria se departement van musiek het in 1999 die eerste musiekterapieprogram in Suid-Afrika bekendgestel wat deur die Raad vir Gesondheidswetenskappe gesertifiseer is.
“Jy moet ook behendig met ’n klawerbord en ’n kitaar wees. Dit sal ook tot jou voordeel wees as jy reeds ervaring in berading en psigoterapie het,” is Denise se aanbeveling.

Jy moet hierna ’n meestersgraad in musiekterapie behaal voordat jy as ’n musiekterapeut kan registreer. Hierdie graad neem twee jaar om te voltooi en na afhandeling van jou meestersgraad kan jy eers by die Raad vir Gesondheids-wetenskappe registeer wat dan aan jou ’n lisensie sal uitreik om te praktiseer.

[Aangepas en verkort uit *Vrouekeur*, Mei 2012]

1.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (1)

1.2 Beantwoord die volgende twee vrae:

1.2.1 Wat is die wanopvatting wat mense oor musiekterapie het? (1)

1.2.2 Skryf in jou **EIE WOORDE** wat musiekterapie dan volgens die teks is. Moenie meer as 15 woorde gebruik nie. (1)

1.3 Haal ’n sin aan om die verskil tussen musiekterapie en psigoterapie uit te lig. (1)

1.4 Skryf die drie kernsake neer wat in hierdie artikel aangespreek word wat die teikenleser sal help om ’n ingeligte besluit oor musiekterapie as ’n loopaan te neem. (3)

1.5 Noem een karaktereienskap wat sal verseker dat ’n musiekterapeut nie ’n verkeerde keuse maak om musiekterapie as ’n loopbaan te volg nie. (1)

1.6 Watter waarskuwing rig Denise Snyman aan studente wat daaraan dink om musiekterapie as ’n loopbaan te volg? Noem enige een. (1)

1.7 Hoe kan ’n musiekterapeut tot ’n groot mate bepaal hoeveel geld hy of sy per maand gaan verdien? (2)

1.8 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal ’n FRASE uit die leesstuk aan om jou antwoord te staaf.

*Musiekterapie is ’n goedgekeurde beroep wat aan sekere reëls en regulasies moet voldoen.* (2)

1.9 Noem enige EEN van die twee vereistes wat aan alle musiekterapeute gestel word <u>alvorens</u> hulle kan begin praktiseer. (2)

**TYDSKRIFARTIKEL**

# DRAADLOOS LAAT JOU DINK



[UIT: *Google Images*]

**Op 'n nuwe radiostasie vir tieners gaan jy meer van Pythagoras en Pie as van Bieber en Beyoncé hoor – *Nina Spies***

HIP2B$^2$ Radio is 'n aanlyn-radiostasie waar tieners leer deur te luister en saam te klets oor hulle gunstelingvakke. As wiskunde, wetenskap en tegnologie dus jou hart vinniger laat klop, hou jou slimfoon naby en skakel in.

Die inhoud is leersaam en hier gaan plig nie sonder plesier kom nie. Die interaktiewe radiostasie sluit die jongste wetenskapnuus, breinboelies en studiewenke in, asook die grootste plaaslike en internasionale musiektreffers.

Die radiostasie is 'n projek wat deur HIP2B$^2$ van stapel gestuur is. Dié organisasie, wat begin is deur Suid-Afrika se eerste ruimtevaarder, Mark Shuttleworth, poog om jongmense entoesiasties te maak oor wiskunde, wetenskap en tegnologie. "Leerders is nogal skrikkerig vir wiskunde en wetenskap," sê prof. Nel du Toit, lektor in onderwysopleiding aan die UP." Van die programme op HIP2B$^2$, *Smart Maths* en *Simply Science*, poog om die leerproses pret en interaktief te maak. Rosie Lomnitz, 'n graad 12-leerder aan The Settler's High School in Bellville, is een van die aanbieders.

Cathryn Treasure, HIP2B$^2$ Radio-bestuurder, sê dié radiostasie is die enigste in die land wat op die tienermark gerig is. "Die programinhoude gaan beslis die kol tref aangesien ons konsultante deeglike navorsing gedoen het," sê sy. Volgens haar wil hulle hê die inhoud moet altyd feitelik korrek en relevant wees. "HIP2B$^2$ Radio hoop om deel van leerders se sosiale netwerk te word sodat wiskunde en wetenskap deel van hulle daaglikse gesprekke kan word," sê Treasure.

[Aangepas en verkort uit *JIP*, bylaag tot *Volksblad*, Februarie 2012]

1.10 Wie is die spesifieke teikenleser vir wie hierdie artikel bedoel is? (1)

1.11 Skryf die frase neer wat die joernalis gebruik om aan te dui dat sekere skoolvakke leerders opgewonde maak. (1)

1.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf die korrekte letter sowel as die ooreenstemmende antwoord.

*"...en hier gaan plig nie sonder plesier kom nie (reël 11) beteken:*

A dat tieners nuwe leerstof sonder moeite gaan bemeester.
B dat tieners al die nuwe inligting op die radiostasie maklik gaan verstaan.
C dat tieners op 'n lekker manier van nuwe dinge gaan leer.
D dat tieners hard sal moet konsentreer om al die nuwe inligting te onthou. (1)

1.13 Stem jy saam met dr. Nel du Toit se stelling in reël 18 en 19 dat leerders oor die algemeen skrikkerig vir wiskunde en wetenskap is? Motiveer jou antwoord. (2)

1.14 Dink jy tieners sal graag na HIP2B² Radio luister? Verskaf 'n bondige motivering vir jou antwoord. (2)

1.15 Watter stap het HIP2B² Radio geneem, behalwe vir die tipe programme, om seker te maak dat hulle wel tieners lok om na dié radiostasie te luister? (1)

1.16 Lees weer reël 24 – 25. Is Cathryn Treasure se stelling oor programinhoude 'n FEIT of 'n MENING? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks. (2)




[UIT: *Beeld*, Desember 2011]

1.17 Wie is die spotprentkunstenaar? (1)

1.18 Waarmee was die seun besig voordat hy besluit het om ’n “gap”-jaar te neem? (1)

1.19 Watter aksie van die pa pas by die woorde wat hy sê? (1)

1.20 Wat impliseer die pa as hy sê “Daar’s die deur, vat die ‘Gap’”? (1)

1.21 Stem jy saam met die slagspreuk op die seun se T-hemp? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

In die teks hieronder word **SEWE WENKE** gegee oor hoe ’n mens brande moet blus. Som hierdie sewe wenke puntsgewys en in VOLSINNE op.
Jou opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie.
Indien jy eers jou opsomming beplan, moet jy die beplanning duidelik aandui en aan die einde doodtrek sodat die finale opsomming duidelik geïdentifiseer kan word.
Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van die opsomming aan.

# HOE OM BRANDE TE BLUS

Daar word nie verniet gesê ’n mens moenie met vuur speel nie. ’n Brand kan blitsvinnig ontstaan en binne ’n oogwink groot verwoesting saai. Maak dus seker dat jy weet hoe om in ’n krisissituasie op te tree.

Volg altyd dié algemene reël wat menselewens kan red: sodra ’n vuur begin versprei, moet almal uit die huis padgee. Moenie ’n brand probeer blus terwyl daar nog steeds mense in die huis is nie: ’n mens se veiligheid kom altyd eerste.

As dit ’n elektriese brand is, moet die hoofkragtoevoer heel eerste afgeskakel word en daarna moet ’n brandblusser gebruik word om die brand te blus. Volg altyd die instruksies op die houer baie noukeurig en moenie daarvan afwyk nie. Rig die spuitkop van die brandblusser altyd na die basis van die vlamme; moenie net die vlamme daarmee probeer doodspuit nie.



[UIT: *Google Images*]

’n Brand wat deur petrol of olie veroorsaak word, moet nooit met water geblus word nie, want water en olie meng nie – die olie dryf op die water en dan versprei die brandende vloeistof net vinniger. Onder die olie kook die water en stoom ontstaan wat die olie in alle rigtings laat spat.

Vlamme wat nie te hoog brand nie, kan met ’n brand- of veiligheidskombers gesmoor word.

Organiese brande (dis byvoorbeeld wanneer hout en papier brand) is van die maklikste brande om te blus, maar dan is die geheim dat jy dit in die beginstadium moet blus en jy moet baie water daarvoor gebruik.

In die geval waar ’n mens se klere aan die brand geslaan het, is dit belangrik dat jy nie paniekerig moet word nie. Laat die persoon onmiddellik op die grond gaan lê en laat hom heen en weer rol. As daar ’n handdoek of ’n kombers byderhand is, kan die slagoffer daarin toegerol word. Dit sal die vlamme smoor.

[Aangepas en verkort uit *huisgenoot*, April 2012]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**VRAAG 3**

**TYDSKRIFARTIKEL**


# HET JY GEWEET?

Chappies is al lank ’n staatmaker wat borrels blaas én wat onsinnige en lawwe feite aan die binnekant van die verpakking skryf waarmee hulle die blokkies toedraai. Voorbeelde van hierdie feitelikhede is:

*Het jy geweet* ...

- ❖ dat Kaapstad in 1878 die eerste telefoon gekry het?
- ❖ dat Antartika slegs een kitsbank het?
- ❖ dat honde vier tone aan elk van hulle agterpote en vyf aan hul voorpote het?

As jy van Chappies hou, is dié feite seker vir jou ou nuus. Chappies-kougom is nie net bekend vir die kakebeen-oefening wat dit Suid-Afrikaners gee nie, maar ook vir die *Did you know*-blitsfeite op hulle verpakkingspapiertjies. Hier volg ’n paar *Did you know*-feite oor die Chappies-handelsnaam self:



[UIT: *Google Images*]

Volgens Ian Jeffrey van Kraft Foods South Africa is dié handelsnaam in die laat 1940’s vir die Suid-Afrikaanse mark geskep. Eers in die 1960’s is die *Did you know*-feite op die kougom se verpakkings gedruk. “Dit is geïnspireer deur die *Three Wise Men*-vasvraprogram wat daardie jaar op Springbokradio uitegsaai is,” het Jeffrey vertel.

> Kraft Foods se personeel samel die feite volgens sekere temas in met behulp van professore en ander universiteitspersoneel, onderwysers en geskiedkundiges wat belangstel om vir die Chappies-maatskappy navorsing te doen. "Hulle maak lyste van interessante feite en stuur dit vir die maatskappy," het Jeffrey gesê.
>
> [Aangepas en verkort uit *JIP,* bylaag tot *Volksblad*, Februarie 2012]

3.1 Skryf die verkleinwoord van die onderstreepte selfstandige naamwoord in die volgende sin.

*Chappies het interessante Did you know-feite aan die binnekant van die blokkies se <u>verpakkings</u>.* (1)

3.2 Vorm 'n afgeleide persoonsnaam van die woorde tussen hakies in die volgende sin.

*'n (Lief + hê) van kougom sal beslis 'n Chappie geniet.* (1)

3.3 Waarom is Chappies-kougom in reël 9 met 'n koppelteken gespel? (1)

3.4 Skryf 'n intensiewe vorm vir die onderstreepte byvoeglike naamwoord in die volgende sin.

*Chappies-feite is seker vir jou <u>ou</u> nuus.* (1)

3.5 Herskryf Jeffrey se woorde hieronder in die indirekte rede.

"Die *Did you know*-feite is deur die *Three Wise Men*-vasvraprogram geïnspireer wat daardie jaar op Springbokradio uitgesaai is," het Jeffrey vertel. (2)

3.6 Verskaf 'n ander meervoudsvorm vir die onderstreepte selfstandige naamwoord in die volgende sin.

*<u>Geskiedkundiges</u> doen navorsing vir die Chappies-maatskappy (reël 22).* (1)

3.7 Herskryf die volgende sin en onderstreep die byvoeglike bysin.

*Almal wat van navorsing hou, stuur voorstelle vir die maatskappy.* (1)


3.8 Vervang die onderstreepte voorsetselgroep in die volgende sin met EEN voorsetsel sonder om die sin se betekenis te verander. Herskryf die sin en onderstreep die woord wat jy gebruik het.

*Chappies het <u>as</u> <u>gevolg</u> <u>van</u> lekker geure en smake 'n staatmaker onder kougomkouers geword.* (1)

3.9 Gebruik die voegwoord *dog* om EEN sin van die twee sinne hieronder te vorm.

*Chappies was baie goedkoop. Niemand wou dit aanvanklik koop nie.* (1)

**STROKIESPRENT**




[Aangepas en verwerk uit 'n Senior Sertifikaat-eksamen van die Gautengse onderwysdepartement.]

3.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf die letter sowel as die ooreenstemmende antwoord neer.

"Jy weet, julle vroue en julle ouderdomme ..." (raampie 1) is 'n voorbeeld van:

A sleng
B partydigheid
C denotasie
D stereotipering (1)

3.11 Vervang die onderstreepte werkwoord in raampie 2 met 'n emotiewe werkwoord. (1)

*Ek* <u>*slaan*</u> *vir jou!*

3.12 Skryf "fortuinverteller" in raampie 3 se basisvorm/stam/sentrale morfeem. (1)

3.13 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Willie se gebruik van die woord "vetkoekie" in raampie 4? (1)

3.14 Beantwoord beide vrae.

| |
|---|
| **chauffeur'** s.nw. (-s) (uitspr. *sjoo-feur'*) (*F.*) Motorbestuurder in diens van iemand anders. |
| [UIT: *HAT,* 2011, bl. 135] |

3.14.1 Van watter taal is hierdie lemma ontleen? (1)
3.14.2 Verander die selfstandige naamwoord *chauffeur* na 'n werkwoord en gebruik dit in 'n duidelike, verklarende sin. (1)

3.15 Kort *namiddag* in raampie 5 korrek af. (1)

3.16 Verbeter die spelfout in raampie 6 deur die spelfout korrek oor te skryf. (1)

3.17 Skryf die volgende sin in die lydende/passiewe vorm.

*Willie het vir Minnie lekker om sy pinkie gedraai* (raampie 7). (1)

**ADVERTENSIE**

# TRACKSURE

***Jou vennoot in sekuriteit – gewaarborg***



TrackSure is reeds meer as 30 jaar lank die markleier in oopvoubare sekuriteitshekke.

TrackSure-hekke het ’n unieke multi-slotstelsel wat van ’n enkele sleutel-punt af werk en is van ’n nuwe spoor met ’n gepatenteerde veiligheid-sisteem voorsien wat oopdwing-weerstand bied.

Dit word van spesiale roesvrye materiaal vervaadig vir maksimum veiligheid en totale gemoedsrus.

**MOENIE JOU GESIN SE VEILIGHEID OP DIE SPEL ... NIE – KONTAK ONS ONMIDDELLIK!**

[Aangepas en verwerk uit *X-Kit,* Pearson uitgewers, 2010]

3.18 Verduidelik waarom die lettergroottes in hierdie advertensie verskil. (2)

3.19 Haal enige voorbeeld van manipulerende taal uit die advertensie aan. (1)

3.20 Herskryf reëls 3-5 in die ontkennende vorm (1)

3.21 Kies die korrekte antwoord.

Om die vervaardiger se ernstige houding oor die samelewing se veiligheid aan potensiële kopers oor te dra is die advertensie se toon:

A humoristies.
B negatief.
C saaklik.
D evaluerend. (1)

3.22 Verskaf ’n gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in die volgende sin.

*TrackSure-hekke getuig van <u>gehalte</u>.* (1)

3.23 Skryf die onderstreepte woord in die oortreffende trap.

*Mense het weinig vertroue in swak sekuriteitshekke.* (1)

3.24 Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukking deur slegs die ontbrekende woord in te vul.

Goeie veiligheidshekke is deesdae so skaars soos ... (1)

3.25 Voltooi die vaste uitdrukking in reëls 15 en 16 deur slegs die ontbrekende werkwoord in te vul.

3.26 Dink jy dat die lettertipe in reëls 15 en 16 gepas is? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**